

28 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 84  
Fokusgedeelte: Psalm 84:3

## Ons God is 'n lewende God, daarom moet ons jubel!

Hierdie Psalm handel oor die tempel van God, om by die Here te wees. Die digter sê dat hy smag na die tempel (voorhove) van die Here. Hy wil by die Here wees, in sy teenwoordigheid. Hy sê ook nog 'n belangrike ding in vers 3: met alles wat hy is (hart en siel), jubel hy uit tot die lewende God. God is lewe, buite Hom is daar geen lewe nie, ons weet dit, Hy hou van dag tot dag sy skepping in stand. Ons lees dit ook in hierdie Psalm, dat selfs die mossie 'n huis en die swaeltjie 'n nes het by die altare. Ons moet ook onthou dat God 'n verbond sluit met sy volk. Hy het 'n lewende verhouding met sy volk, daarom jubel die Psalmdigter net omdat God dit vir hom moontlik maak. Dink aan die woorde van Christus: "Ek is die weg, die waarheid en die lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie" (Joh 14:6). Christus is die lewe, Hy het ons verlos, deur Hom kan ons na God toe gaan. Hy het uit die dood opgestaan en sit aan die regterhand van God, Hy is ook ons Voorspraak. Ons is deur sy kruisiging en opstanding ook deel van die volk van God, ons wat in Hom glo. Watter blydschap bring dit nie vir ons nie? Filippense 4:4 sê: "Verbly julle altyd in die Here, ek herhaal: Verbly julle!" Dit is 'n bevel! Ons moet, net soos die Psalmdigter, met hart en siel tot die lewende God jubel!

Sing: Psalm 84:1, 2 (1936)

Teologiese Student MH le Roux